# Koffiefontein leeg sonder Etienne

**MEV. LINDA BRINK, Posbus 9, Koffiefontein:**

Die fanfare het klaar geklink. Die televisiekameras het gerol, en weer weggerol. Die verslaggewers het hul notaboekies weer gebêre. Die professore het klaar — beleef, erg akademies — mekaar oor die vingers getik oor wié het watse eregraad eerste aan hom gegee. Die hoë letterkundiges het hul eerbewyse reeds gepubliseer, al die weergawes van "Etienne Leroux soos ek hom geken het".

## Duisel

En ons Koffiefonteiners? Ons duisel nog so 'n bietjie onder al die onverwagte aandag. Skielik hoef 'n mens nie meer te verduidelik van "êrens in die Vrystaat, so tussen Kimberley en Bloemfontein" nie. Mense weet. Hy, wat tussen ons was, maar nie van ons was nie, het met 'n laaste kinkel van daardie skerp deurkliewende sardoniese humor onverganklikheid aan 'n heel vergeetbare Vrystaatse dorpie besorg.

Ons het, versprei oor die land in die klein diaspora van die skoolvakansie, op televisieskerms en op voorblaaie van koerante die gebeure meegemaak. Een korrespondent het die vermetelheid gehad om neerhalend te verwys na die "snikhete, stowwerige dorpie" waar die begrafnis plaasgevind het.

## Bakermat

Byna onwillekeurig gaan staan my kleindorpse patriotisme op sy agterpote. Wat van die mooi rivier, wat sy stadige boog sierlik tussen die klippe laat inkronkel? Wat van ons breë, vriendelike hoofstraat met palmbome en groen gras? En wat van die hoë wit hekpaal van Ja-Nee, wat as bakermat en wegwyser regop en onomwonde sy boodskap verkondig aan al die padgebruikers van die gebied? Het niemand hier gehuiwer, 'n oomblik onder die besef gekom dat iets in hierdie dor aarde ook tot hom gespreek het nie?

Nou is ons terug by die huis, gereed vir die nuwe skooljaar. En ons praat saggies met mekaar oor alles wat gebeur het: saggies, en nederig. Nie "Etienne Leroux soos ek hom geken het" nie. Want ek hét hom nie geken nie, en toe ek destyds vir my honneurs-kursus by Kovsies al sy boeke moes lees, het ek hulle ook nie aldag verstaan nie.

## Opwinding

Dis net: daardie stadiger ry verby die dorpshuisie in Stanleystraat (dalk sien jy hom uitkom!), is nie meer nodig nie. Die vreemde opwinding van die kenmerkende jas-en-donkerbril figuur op die hoek voor die Landdroskantoor, is weg. En die stil, tere teenwoordigheid agter in die kerk as sy Elizabeth orrel speel, is nie meer daar nie.

Ons strate voel opeens baie leeg.

Bron?